

Hoe om jou skottelgoed te laat ophoop

Johan
Fourie



Insentiewe & dinge

Daar is steeds groot verskille tussen mans en vroue in ons samelewing. Vroue se inkomste is telkens minder as dié van mans wat dieselfde werk doen. Daar is ook gereeld die verwagting dat vroue meer huishwerk moet verrig, en dat die vrou 'n groter rol moet speel in die versorging van kinders.

Daar is al baie navorsing gedoen oor die redes hiervoor. Die sienings verskil tussen lande, en daarom fokus die meeste navorsers op hedendaagse faktore, soos die vlak van ontwikkeling in 'n land, toegang tot onderwys vir

vroue, verskille in vrugbaarheidskoerse of die groei van die dienstesektor.

Maar ons gesindheid teenoor geslagsrolle het 'n baie dieper oorsprong.

In 'n artikel "Gender: An Historical Perspective" skryf Paolo Giuliano dat daar sewe diepliggende redes is waarom baie samelewings steeds glo mans moet gras sny, terwyl vroue moet skottelgoed was.

Die eerste rede het te doen met die ontwikkeling van die ploeg. Dit werk so: millennia lank het mans saam met vroue met sekels en ander handgereedskap arbeidsintensief op klein lappies grond geboer. Die uitvinding van die ploeg het egter dié dinamiek verander. Die ploeg is meer kapitaal-intensief (jy't 'n os nodig) en vereis ook meer fisieke krag in korter sarsies (om die os te beheer). Ploegboerdery is ook minder versoenbaar met kindersorg. In gebiede waar die ploeg gebruik is, het die rol van mans en vroue dus verander. Mans het gespesialiseer in boerdery (natuur-

lik met groter surplusse as toe hulle met net sekels geboer het) en vroue het in die huis begin spesialiseer (die fokus op kosmaak en kinders grootmaak).

Dit is, volgens Giuliano, in dié samelewings waar die norm gevestig is dat vroue se plek in die huis is.

Dit is die teorie, maar was dit in die praktyk ook so? Deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid innoverende datastelle, toon Giuliano en twee kollegas dat samelewings wat in voorindustriële tye met ploeg geboer het, vandag steeds 'n laer arbeidsmagdeelnameskoers onder vroue het. Vroue in hierdie samelewings is ook minder geneig om hul eie firmas te besit, of om aan die politiek deel te neem. Die rede is dat hierdie aanvanklike norme - deur die beleide, wette en institusies wat gevestig word - behoue bly in samelewings.

Geografie is nog 'n rede waarom daar vandag verskillende sienings van geslagsrolle kan wees. Het jy al ooit gewonder hoekom Indiërs 'n bruidskat-

stelsel het (waar die bruid se ouers 'n bruidsprys betaal), terwyl die lobolastelsel in baie Afrika-kulture gevestig is ('n stelsel waar die bruidegom 'n som aan die bruid se familie betaal)?

Dit is weens historiese verskille in die verhouding tussen grond en arbeid. In Indië is arbeid volop, maar grond skaars. Daarom is grond die belangrike faktor: Ouers sal dus betaal dat hul dogter trou met 'n man met 'n groot plaas. In Afrika is arbeid skaars, wat grond betref. Daarom sal net ryk mans 'n vrou (wat 'n bron van arbeid is) kan bekostig. Dit verduidelik ook hoekom poligamie so wydverspreid in Afrika voorkom.

Europeërs het, net soos die Indiërs, 'n lae grond-arbeid-verhouding, met die gevolg dat die bruid se ouers in Europa vir die troue betaal. Europeërs het lank gelede die gebruike na Suid-Afrika gebring en die meeste Afrikaners volg dit steeds na, al is die grond-arbeid-verhouding hier anders as in Europa.

Hoekom duur dié norme voort, ter-

wyl so min van ons boer, en grond al hoe minder belangrik word?

In nog 'n artikel skryf Giuliano dit toe aan die klimaat waarin ons voorouers geleef het. As ons voorouers se omstandighede gereeld verander het, is ons ook vandag geneig om ons norme makliker aan te pas. Maar indien ons voorouers se omgewing baie stabiel was, dan is tradisies gevestig wat baie moeilik verander.

Wat ons glo en wat ons doen, is gereeld die produk van ons verlede, selfs sonder dat ons dit beseef. Ons norme en sienings oor mans en vroue se "rolle" in die samelewing het 'n oorsprong diep in ons geskiedenis.

Maar 'n woord van advies uit my hielik: "Die geskiedenis sê so," is nooit 'n goeie argument om skottelgoeddiensplig te vermy nie. Al wat gebeur is dat die skottelgoed verder ophoop.

■ Prof. Johan Fourie is medeprofessor in die departement ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch.

